

Bykomende jaar-eind eksamen

Vraag1: Kort vrae

- 1.1 In elk van die volgende vrae word vier opsies verskaf as moontlike antwoorde. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) op jou antwoordblad.
 - 1.1.1 Watter faktor sal die grootste invloed op jong werkende mense hê as hulle klere gaan koop?
 - A Instruksies om vir die klere te sorg.
 - B Kleur
 - C Handelsname
 - D Waarde vir geld
 - 1.1.2. Die belangrikste punte om te onthou as jy aantrek vir ‘n onderhoud is :
 - A Dra die nuutste modes
 - B Dra baie helder kleure
 - C trek glansryk aan
 - D Trek netjiese, konserwatiewe klere aan
 - 1.1.3. Trek ‘n pakkie aan wat geskik sal wees vir ‘n jong vrou vir ‘n werksonderhoud by ‘n klerewinkel.
 - A ‘n Miniromp met ‘n boob tube toppie
 - B ‘n Denimromp met ‘n T-hemp met ‘n slagspreuk
 - C Swart denim met ‘n wit T-hemp
 - D Vlootblou-pakkie
 - 1.1.4. ‘n Jongman wat in ‘n sportwinkel werk wil goed lyk, hy sal so aantrek:
 - A Swart denim met ‘n gewone swart T-hemp
 - B ‘n Ontwerpslangbroek met gewone das en hemp
 - C Blou denim met ‘n rooi gholfhemp
 - D Chino-langbroek met geruite katoenhemp
 - 1.1.5. Mans wat in ‘n professionele omgewing werk sal die volgende skoene dra:
 - A met dik rubbersole
 - B in ‘n kleur donkerder as hul broeke
 - C met gepunte tone
 - D in tweekleur

1.1.6. Die sokkies wat hulle by die professionele tipe skoene dra, is

- A donker van kleur
- B mag dieselfde kleur as sy hemp wees
- C mag wit wees
- D mag karakters uit strokiesprente hê

1.1.7. Hierdie tipe skoën sal geskik wees vir 'n jong man wat in die volgende werksomgewing werk



- A bank
- B prokureurskantoor
- C konstruksie
- D in 'n sportwinkel

1.1.8 'n Tekort aan die volgende voedingstowwe mag bloedarmoede veroorsaak

- A kalsium, yster en vitamien E
- B foliensuur, yster en vitamien B12
- C foliensuur, yster en vitamien D
- D yster, vitamien B12 and vitamien E

1.1.9 Kies die volgende voedsel wat van diere kom wat die meeste onversadigde vette bevat.

- A Eiers
- B Vis
- C Pluimveë
- D Rooivleis

1.1.10 'n Aansteklike lewersiekte word deur die volgende veroorsaak

- A *Escherichia coli*-bakterieë
- B Hepatitis-virus
- C *Mycobacterium Tuberculosis*
- D *Shigella* spesie van bakterie

1.1.11 'n Byvoeging wat as anti-oksidadant en voedingstof dien:

- A Lesitien
- B Mononatriumglutomaat
- C Tocopherol
- D natriumbensoaat

- 1.1.12 Volgens die regulasies wat kosetikettering beheers, is dit verpligtend dat die volgende inligting op die etiket van 'n pak koekies verskyn.
- A Instruksies vir gebruik
 - B Instruksies vir bewaring
 - C Inligting oor die voedingswaarde daarvan
 - D 'n Lys van die inhoud
- 1.1.13 'n Kosetiket dui aan dat die produk 'lae vet' is. Dit beteken dat die produk nie meer as ... bevat nie
- A 10% vet
 - B 5% vet
 - C 3% vet
 - D 1% vet
- 1.1.14 Die metode met die aankoop van 'n produk waar jy 'n deposito betaal maar die artikel bly in die besit van die verkoper totdat dit afbetaal is.
- A Betaling met kredietkaart
 - B huurkoop
 - C bêrekoop
 - D afbetalingsverkope
- 1.1.15 Die metode waarvolgens 'n artikel gekoop word, waar die artikel onmiddellik deur die kliënt geneem word maar eers teen die einde van die maand betaal word.
- A betaling met kredietkaart
 - B huurkoop
 - C afbetalingsverkope
 - D winkelrekening
- 1.1.16 ... is die koers waarteen die koste van goedere verhoog.
- A Inflasie
 - B Verbruikersprysindeks
 - C Repokoers
 - D Rente
- 1.1.17 Die rentekoers waarteen handelsbanke geld by die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan leen.
- A Rentekoers
 - B Inflasie
 - C Verbruikersprysindeks
 - D Repokoers

- 1.1.18 Kapitaalwinsbelasting is die aanslagbedrag op
- A eiendom wat gekoop is.
 - B 'n verbandakte wanneer eiendom gekoop word.
 - C die verskil tussen die koop en verkoop van die eiendom
 - D die verkoopsprys van die eiendom.
- 1.1.19 'n Verbruiker wat 'n kontrak buite die besigheidspersoneel teken, word toegelaat om dit binne sewe dae te kanselleer. Dit word die volgende genoem.
- A uitsluitingsklousule
 - B afkoelperiode
 - C gua randee
 - D war randee

- 1.1.20 Die volgende tipe verkope en beleggings is onwettig in Suid-Afrika .

- A parallele invoere
- B Stokvel
- C Piramiede skemas
- D Grys goedere

(20)

- 1.2 Kies die terminologie in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) op jou antwoordblad

KOLOM A Beskrywing	KOLOM B TERMINLOGIE
Die geld wat jy by 'n bank leen om 'n huis te koop	A Kollaterale sekuriteit
Terugbetalings word nie beïnvloed as die rentekoers styg of daal nie.	B Oordragkoste
Rentes betaal indien daar 'n vertraging met die registrasie van die verband is.	C Vaste rentekoers
'n Ekstra bron wat as sekuriteit gebruik kan word indien die lening nie die volle koopbedrag dek nie.	D Fleksie rentekoers
Geld wat aan die prokureur betaal word wat die oordragproses van die eiendom hanteer.	E Interim rentes
	F Okkupasiehuur
	G Eiendomskoerse
	H Verbandakte

(5 × 1)

- 1.3 Kies VIER verantwoordelikhede van huurders uit die lys hieronder. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3) van jou antwoordblad.
- A Moet verbeterings aanbring
 - B Moet die eienaar skriftelik in kennis stel wanneer hulle van plan is om uit te trek.
 - C Moet die eiendom skoon hou
 - D Moet die eiendom onderhou
 - E Moet enige skade herstel
 - F Betaal maandelikse verbandbetalings

- G Betaal maandelikse huur
 H Behoort nuwe bome in tuin te plant. (4)
- 1.4 Kies DRIE bestanddele uit die lys hieronder om 'n rehidrasie mengsel by die huis te meng. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4) op jou antwoordblad
- A 1 liter kookwater
 B 1 liter water
 C 1 liter kookmelk
 D 8 gelyke teelepels suiker
 E ½ teelepel suiker
 F ½ teelepel sout
 G 2 gelyke teelepels sout (3)
- 1.5 Kies die korrekte terminologie uit die woorde tussen hakies.. Skryf slegs die term langs die relevante vraagnommer. (1.5.1–1.5.8) op jou antwoordblad:
- 1.5.1 Die rentekoers wat deur die Reserwe Bank vasgestel word, staan bekend as (repo/inflasie).
 1.5.2 Wanneer die rentekoers (styg/daal) word dit duurder om geld te leen.
 1.5.3 (Eenvoudige/saamgestelde) rentes word gewoonlik op winkelrekeninge gehef wat agterstallig raak.
 1.5.4 (Eenvoudige/saamgestelde) rentes word gewoonlik gehef op verbande wanneer 'n huis gekoop word.
 Die (Nasionale Kredietwet /Wet op Verbruikersbeskerming) stipuleer die maksimum rentekoers wat deur banke op kredietkaarte gehef kan word.
 1.5.6 Mense wat aandrang op 'n hoë salarisverhoging is 'n rede vir (inflasie/onbillike sakepraktyk)).
 1.5.7 Die (VPI/repo) koers word gebruik om die werklike waarde van lone, salarisse en pensioene na te gaan.
 1.5.8 'n (dividend/wins) is die beloning wat 'n aandeelhouer ontvang vir sy belegging in 'n openbare maatskappy.

Totaal Vraag 1: 40

Vraag 2: DIE VERBRUIKER

- 2.1 Verduidelik die volgende terme
- 2.1.1 afkoelperiode (3)
 2.1.2 uitsluitingsklousule (2)
 2.1.3 waarborg (2)
- 2.2 Bestudeer die volgende uittreksels uit SARS se maandelikse aftrekkingsstabelle soos vanaf 1 Maart 2011 en beantwoord die onderstaande vrae.

Maandelikse aftrekkingstabel:

Salaris	Jaarlikse ekwivalent	Belasting		
		Onder 65	65-75	Over 75
R4 980 - R4 985	R59 790	0	0	0
R10 022 - R10 037	R120 354	R909	R408	R241
R34 223 - R34 273	R410 976	R7 882	R7 381	R7 215

Uitsluitings: Werkloosheidversekeringsfondsvoordele en uitbetalings van die Padongelukkefonds van 1 Maart 2012

Aftrekkings: Slegte skuldrekenings, aftrekkings vir bydraes vir pensioenfonds of aftree-annuïteite, regsuitgawes, mediese fondsbydraes.

2.2.1. Jemima verdien R10 030 per maand en is 60 jaar oud. Hoeveel belasting moet sy aan die einde van die jaar betaal? (3)

2.2.2 Indien sy 76 jaar oud was, hoeveel belasting moes sy aan die einde van die jaar betaal? (3)

2.2.3 Dink jy dis regverdig dat 'n jonger persoon meer belasting betaal as 'n ouer persoon terwyl hulle dieselfde inkomste het? Gee redes vir jou antwoord. (4)

2.2.4 Wie ontvang inkomstebelasting en waarvoor word dit gebruik? (3)

Totale Vraag 2: 20

Vraag 3: Voedsel en voedselstowwe

3.1 Lees die onderste gedeelte en beantwoord die vrae wat volg.

Suid-Afrika word 40 uit 105 op die voedselsekureitsindeks gelys.

Suid-Afrika word 40e uit 105 lande op die voedselsekureitsindeks gelys met Amerika bo-aan en die Demokratiese Republiek van die Kongo onder. Die indeks het bevind dat hoë voedselpryse een rede kan wees wat tot voedsel onsekuriteit kan lei. Lae voedselpryse kan ook tot voedsel onsekuriteit lei veral vir lae inkomste families wat in landbou betrokke is. Lae pryse lei tot laer inkomste vir boere, dit verskraal hul vermoë om kos te produseer en hulle het geen inisiatief om kos te produseer nie. Volgens die indeks, kan ekonomiese aktiwiteit in die platteland aan boerdery verbind word en lae inkomste vir boere beteken lae inkomste vir almal. Volgens statistieke van die Verenigde Nasies, wat in die indeks aangehaal word, moet globale voedselproduksie met 50% teen 2030 styg om in die vraag te voorsien.

Bron: Aangepas van 'n artikel wat op 24 Julie 2012 www.timeslive.co.za gepubliseer is.

Wanneer ontstaan voedselsekureit?

Verduidelik hoe voedselpryse tot voedsel onsekureit kan lei. (5)

- 3.1.3 Globale voedselproduksie moet met 50% teen 2030 styg om in die globale vraag te voorsien. Verduidelik hoe geneties-gemodifiseerde voedsel in hierdie vraag kan voorsien (4)
- 3.2.1 Verduidelik die verskil tussen Tipe 1 Diabetes en Tipe 2 Diabetes. (4)
- 3.2.2 Kies die voedseltipe uit die volgende lys wat 'n ideale middeloggend versnappering sal wees vir 'n persoon met diabetes. Gee redes vir jou antwoord. (7)
- Die persoon het 'n keuse uit:

Graanproduk	Bedekking
Volgraan muffin (kolwyntjie)	Cheddar kaas
Provita	Laevet maaskaas
Rogbrood	Konfyt
Witbrood	Marmite

- 3.3 Parmalat'sEasyGest is 'n laktose vry melk wat in beide lae vet en volroom variante beskikbaar is. Is hierdie melk geskik vir gebruik deur 'n persoon met 'n melkallergie of melkintolleransie? (4)
- 3.4 Noem vier voedseltipes vir 'n gepakte middagete vir 'n persoon wat oorgewig is en aan hoë kolesterol ly. Maak seker dat die ete gebalanseerd is. Motiveer jou keuse vir elk van die vier items. (12)

Totaal Vraag 3: 40

VRAAG 4: KLEREDRAG

- 4.1. Jongmense volg gewoonlik die kleurmodes van hul portuurgroepe na. Wat dink jy?
Rugsteun jou opinie met goed gefundeerde redes. (6)
- 4.2. Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.:



- 4.2.1 Timba het hierdie pak vir die personeel se Kerspartytjie aangeskaf. Hy dra swart leerskoene daarmee saam. Hy wil egter meer dra uit sy pak kry. Wat kan hy daarby dra of verander vir
- 4.2.2.1 'n deftig informele korporatiewe geleentheid. (3)
- 4.2.2.2 sy werk as bankklerk (3)
- 4.3. Hoe sal handelsmerke Timbo se keuses oor sy klere beïnvloed? (4)
- 4.4. Hoe kan jy tot volhoubaarheid bydra en jou koolstofvoetspoor verklein? (4)

Totaal Vraag 4: 20

VRAAG 5: BEHUISING

5.1 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae hieronder.

Mev Scheepers, 'n hardwerkende pensioenaris en weduwee wil graag 'n stoof koop. Sy het egter net genoeg geld vir 'n deposito maar wil ook koek en pasteie bak om geld te verdien. Sy het die brosjures bestudeer en besluit om die volgende stoof te koop.

180 Five Burner Gasstoof

Vlekvrye staal, elektriese ontsteking, maklike skoonmaak emaljeoord, inprop elektriese oond, volle speel glasdeur, multifunksionele oond met gebruikersvriendelike draaiknoppe, 60 minuut alarm tydsteller met lig, verstelbare voete.

5.1.1 Wat is mev. Scheepers se regte as verbruiker wanneer sy 'n stoof koop? (3)

5.1.2 Verduidelik hoekom sy die volgende faktore in ag moet neem as sy 'n stoof koop.

a) Haar behoeftes (2)

b) Haar begroting (2)

5.1.3 Identifiseer DRIE voorbeelde van Universele Ontwerpkenmerke van die stoof wat haar kan help (6)

5.1.4 Verduidelik hoekom Mev Scheepers die paaientvekooptransaksie sal gebruik in plaas van die bērekoop transaksie om die stoof te koop. (4)

5.1.5 Noem DRIE dinge wat sy in gedagte moet hou nadat sy die stoof gekoop het. (3)

5.2 Lees die volgende scenarios en beantwoord die vrae daarna.

Familie A: Mary werk in haar pa se besigheid en verdien 'n goeie salaris. John is 'n onderwyser en werk baie tuis. Hulle het twee klein kinders en besluit om uit die woonstel na 'n huis te trek omdat hulle meer spasie nodig het. Hulle huur die huis. Hulle het onlangs die woonstel verkoop en 'n goeie wins gemaak.

Familie B: Bongani verdien R2 300,00 per maand. Sy vrou werk twee dae 'n week en verdien R1 000,00 per maand. Hulle het een kind. Hulle het nog nooit 'n huis besit nie.

Familie C: Apiwe verdien R25 000,00. Zizipho skryf tydskrifartikels vanaf die huis. Hulle het onlangs na 'n ander stad verhuis vanwee Apiwe se bevordering. Die maatskappy waarsku hom dat hy binne die volgende 18 maande weer na 'n ander stad sal moet verhuis. Hulle besit ook 'n woonstel wat hulle verhuur.

Familie D: Shane is 'n vryskutfotoograaf en verdien ongeveer R15 000,00 per maand. Sy vrou studeer nog. Hulle huur 'n woonstel en het nog nooit 'n huis besit nie.

5.2.1 Watter familie mag vir regeringsbehuisingssubsidie kwalifiseer? Gee redes vir jou antwoord. (4)

- 5.2.2 Watter familie sal in die afsienbare toekoms in 'n gunstige posisie wees om 'n huis te koop? Gee redes vir jou antwoord (4)
- 5.2.3 Verduidelik hoekom huur gunstig sal wees vir die twee families wat nie in 5.2.1 and 5.2.2 genoem word nie. (4)
- 5.3 Bestudeer die volgende koerantartikel en antwoord die vrae wat volg.

Berei jouself voor vir styging in rentekoerse

Artikels in die media het verbruikers gewaarsku teen stygings in rentekoerse. Dit volg op 'n skerp styging in inflasie wat hoër is as die aanvaarbare 3% sone. Stygings in kos- en energiepryse het ook hiertoe bygedra. Motoriste sal meer as R11,00 per liter petrol moet opdok. Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse rentekoers baie tussen Januarie 2002 en Januarie 2010 gefluktueer het. Bestudeer die volgende tabel met rentekoerse in daardie tydperke.

Januarie 2003: 14%
 Januarie 2004: 8%
 Januarie 2006: 7%
 Januarie 2008: 12%
 Januarie 2010: 7%
 Januarie 2012: 6%

Die Jones familie het 'n huis in Desember 2005 gekoop. Die familie kon die maandelikse terugbetalings bekostig, maar daar was min geld oor vir onvoorsiene uitgawes op hul begroting.

Analiseer die moontlike impak wat rentekoerse op hul begroting kon hê en hul vermoë om hul huis se instandhouding op datum te hou tussen Januarie 2006 tot Januarie 2012. (8)

Totaal Vraag 5: 40

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

- 6.1 Verduidelik die volgende terme met betrekking tot die bemarking van produkte.
- 6.1.1 Prys (4)
- 6.1.2 Promosie (4)
- 6.2 Hoe kan die volgende faktore bydrae tot die effektiewe produksie van gehalte produkte?
- 6.2.1 produkspesifikasie (4)
- 6.2.2 voortdurende opleiding van personeel (4)



- 6.3 Bestudeer die strookprentjie en gee DRIE redes vir die werkgewer se finale antwoord: (3)
- 6.4 Verduidelik die belangrikheid van marknavorsing vir 'n nuwe besigheid. (5)
- 6.5 'Produkverpakking beïnvloed die verbruiker om dit te koop.' 'Regverdig die stelling. (3 × 2) (6)
- 6.6 Verduidelik hoe kosteberekening 'n negatiewe invloed kan hê op die volhoubare winsgewendheid van 'n besigheid. (5 × 2) (10)
- 6.7 Gee drie voorbeelde van vaste kostes vir 'n besigheid wat klere vervaardig (3)

Total Vraag 6: 40

Bykomende jaareindeksamen-memorandum

Vraag 1: Kort vrae

- 1.1.1 C ✓
- 1.1.2 D ✓
- 1.1.3 C ✓
- 1.1.4 A ✓
- 1.1.5 B ✓
- 1.1.6 A ✓
- 1.1.7 D ✓
- 1.1.8 B ✓
- 1.1.9 B ✓
- 1.1.10 B ✓
- 1.1.11 C ✓
- 1.1.12 D ✓
- 1.1.13 C ✓
- 1.1.14 C ✓
- 1.1.15 D ✓
- 1.1.16 A ✓
- 1.1.17 D ✓
- 1.1.18 C ✓
- 1.1.19 B ✓
- 1.1.20 C ✓ (20)
- 1.2.1 H ✓
- 1.2.2 C ✓
- 1.2.3 E ✓
- 1.2.4 A ✓
- 1.2.5 B ✓ (5)
- 1.3 B ✓ C ✓ E ✓ G ✓ (4)
- 1.4 A ✓ D ✓ F ✓ (3)
- 1.5.1 Repo
- 1.5.2 styg
- 1.5.3 Eenvoudig
- 1.5.4 Saamgesteld
- 1.5.5 Nasional eKredietwet
- 1.5.6 Inflasie
- 1.5.7 VPI

1.5.8 dividend

(8)

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

- 2.1.1 'n Afkoelperiode is die periode waartydens ✓'n verbruiker 'n kontrak kan ✓sonder enige finansiële implikasies✓ indien die kontrak buite die werksplek onderteken is. ✓ (3)
- 2.1.2 'n Uitsluitingsklousule is 'n spesifieke klousule in 'n kontrak wat beteken dat 'n persoon nie verantwoordelik gehou sal word ✓indien 'n spesifieke gebeurtenis plaasvind nie. ✓ (2)
- 2.1.3 'n Waarborg is 'n geskrewe belofte ✓dat die produk sal voldoen aan die spesifikasies vir 'n spesifieke periode. ✓ (2)
- 2.2.1 $R909 \times 12 = R10\,908$ ✓ (3)
- 2.2.2 $R241 \times 12 = R2\,892$ ✓ (3)
- 2.2.3 Gebruik diskresie met die leerders se antwoorde. Hulle moet hul opinies met geldige, logiese antwoorde staaf.
Ja, ek stem saam✓ omdat die jong persoon nog 'n lang werksvooruitsig het met baie salarisverhogings. ✓ Ouer persone is aan die einde van hul lewens met geen salarisverhogings nie. ✓ Indien die regering minder belasting hef sal die ouer persoon meer geld hê om vir uitgawes te betaal ✓en minder van die regering afhanklik wees vir subsidies. ✓ (4)
- 2.2.4 Die regering ✓ontvang die inkomstebelasting en gebruik dit om infrastruktuur ✓en dienste aan sy inwoners te verskaf. ✓ (3)

Totaal Vraag 2: 20

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDINGSTOWWE

- 3.1.1 Wanneer bestaan voedselsekureit? (4)
Wanneer alle mense ✓toegang het ✓te alle tye tot genoeg veilige, voedsame kos ✓om 'n gesonde en aktiewe leefstyl te handhaaf. ✓
Verduidelik hoe lae en hoë voedselpryse tot voedsel onsekureit kan lei. (5)
Wanneer voedselpryse hoog is mag baie families nie die voedsel bekostig nie✓en sal dus nie toegang tot die kos hê nie. Wanneer voedselpryse laag is kan families wel die voedsel bekostig✓ maar lae voedselpryse lei na laer inkomstes ✓vir families wat betrokke is in landbou aktiwiteite ✓. Dit kan meebring dat dié families nie genoeg geld het om genoeg kos te koop nie. ✓ 'n Lae inkomste kan ook die boer se vermoë om kos te verbou beïnvloed /boere word verhinder om te plant ✓boere mag minder inisiatief hê om te produseer / nie gemotiveerd wees nie / of te plant nie✓. Die gevolg is dat daar minder kos in die land beskikbaar is ✓. (enige 5)

Globale voedselproduksie moet met 50% teen 2030 styg om die globale vraag te ontmoet. Verduidelik hoe geneties-gemodifiseerde voedsel aan hierdie vraag kan voorsien. (4)
Genetiese gemodifiseerde voedsel het verhoogde weerstande teen ✓, droogte ✓ en temperatuurveranderinge ✓, wat dit moontlik maak om hierdie gewasse te groei in streke met lae landbouproduktiwiteit ✓.

Die gewasopbrengs is groter ✓ en meer mense kan gevoed word. ✓ (enige 4)

3.2.1 Verduidelik die verskil tussen Tipe 1 en Tipe 2 Diabetes. (4)

Tipe 1 Diabetes: Die pankreas kan nie meer insulien afskei nie ✓, wat dit met insulieninspuitings moet vervang ✓. Dit gebeur skielik ✓ en gewoonlik by mense jonger as 30 ✓. Enige (2)

Tipe 2 Diabetes: Die pankreas produseer insulien, maar dit is nie genoeg om behoorlik te werk nie. ✓ Kan met medikasie behandel word ✓. Dit begin geleidelik ✓ en kom veral by ouer mense voor. ✓ (enige 2)

3.2.2 Provita✓ met lae vetkaas ✓ (2)

Redes: Provita het 'n lae GI ✓ en sal glukose stadig in die bloedstroom vrylaat. ✓ (2)

Lae vet maaskaas bevat minder vet as cheddar kaas ✓ en diabetiese mense moet hul vetinname monitor omdat hulle kandidate is vir hartaanvalle ✓

Konfyt is hoog in suiker wat tot vinnige stygings in bloedglukosevlakke kan lei. ✓

Marmite bevat baie voedselstowwe, ✓ maar is hoog in sout. ✓ (enige 3)

3.3 Melkintoleransie ✓. Iemand wat aan melkintoleransie ly het gewoonlik 'n tekort aan die ensiem laktase ✓ en kan nie die melksuiker laktose verteer nie ✓. 'n Laktose vrye melk sal deur iemand gebruik kan word wat aan laktose-intolleransie ly ✓.
Iemand wat aan 'n melkallergie ly is allergies vir die melkproteïene en sal nie van die 'EasyGest' kan drink nie omdat dit melkproteïen bevat. ✓ (4)

3.4 Oplosbare vesel ✓ verlaag hoë cholesterolvlakke ✓. Dit sluit hawermout, peulgroentes en appels in. Voorbeelde van moontlike voedselkeuses is hawermoutbeskuitjies, slaaie wat peulgroentes insluit soos chickpeas en/of appels ✓.
Vesel ✓ promoveer 'n gevoel van versadiging en keer ooreet ✓ en die optel van gewig/ help met verslanking ✓. Sluit volgraanprodukte soos volgraanbrood/saadbrood/ provita's en vrugte met hul skille in. ✓
Middagete moet laag in versadigde vette wees ✓ omdat versadigde vette cholesterolvlakke verhoog ✓. Kies dus maer of vetvrye vleis soos hoender sonder vel/ham ✓ en lae vet en lae vet suiwelprodukte soos lae vet jogurt. ✓
Sluit onversadigde vette in ✓ want dit laat cholesterolvlakke daal ✓. Sluit margarine soos canola of flora of olierige vis soos sardientjies / anchovies / salm ✓.

Neute ✓ kan ingesluit word as proteïenbron wat laag is in versadigde vette maar hoog in onversadigde vette. ✓
 Vrugte en groente soos wortels) ✓ bevat anti-oksidente (vitamien C en beta-carotene) ✓.
 wat die gevaar van hartsiektes en vetterige aanpaksel in are verminder ✓. 4 voedselkeuses
 (4) + korrekte motivering vir elke keuse (8)

Totaal Vraag 3: 40

VRAAG 4: Kleredrag

- 4.1 Ja. ✓ Gee hom selfvertroue ✓ wanneer hy soos sy portuurgroep aantrek. ✓
 Portuurgroep hou van hul kleredrag, ✓ kweek 'n gevoel van 'om aan 'n groep te behoort'. ✓ Pas aan by die organisasie /skool/kollege wat hulle bywoon, ✓ deel van die instelling. ✓
 Nee. ✓ Jong mense met selfvertroue ✓ dra wat hulle van hou. ✓
 Groepopinie nie belangrik, ✓ trek aan na eie smaak. ✓
 Klein begroting, ✓ koop wat hy kan beskostig. ✓ (6)
- 4.2.2.1 Haal die das af ✓ verander skoene na 'n meer gemaklike styl, ✓ verander baadjie na 'n meer gemaklike een ✓ of 'n trui, ✓ verander langbroek na denim. (3)
- 4.2.2.2 Verander hemp na 'n gewone of gestreepte een, ✓ verander das na meer konserwatief, ✓ verander skoene na gewone swart leer. ✓ (3)
- 4.3. Omdat hy in 'n korporatiewe omgewing werk ✓ wil hy suksesvol voorkom. ✓
 Kleure met handelsmerke laat hom inpas by sy vriende ✓ jong mense beskou handelsmerke as statussimbole. ✓ (4)
- 4.4. Koop klere wat organiese tekstiele bevat/ vervaardig uit 'n volhoubare tekstielbron. ✓
 Koop byvoorbeeld organiese katoen en tekstiele soos bamboes en vlas ✓. Ondersteun plaaslike ontwerpers ✓ Woolworths, Edgars, Fochini and YDE (Young Designers Emporium) bied klerereekse van plaaslike ontwerpers ✓ Koop plaaslik vervaardigde klere. ✓ Dit is nie vir duisende kilometers vervoer met meegaande vrylating van gasse nie. ✓
 Koop klere wat uit plaaslike tekstiele vervaardig is. ✓ Hierdie tekstiel het 'n kleiner koolstofvoetspoor en jy ondersteun ook die plaaslike ekonomie /moenie tekstielwerkers uitbuit nie. ✓ Moenie net klere wat jy nie langer dra weggooi nie. □ □ Verwerk dit / hersirkuleer/skenk dit aan 'behoefte mense'. ✓ (Enige 2 × 2)

VRAAG 5: BEHUISING

- 5.1.1 Die verbruiker het 'n reg op privaatheid. Dit sluit in die reg op beperking op ongevraagde direkte bemerking in. ✓ Die verbruiker het die reg op eerlike en verantwoordelike bemerking. ✓ Die verbruiker het die reg om inligting oor die produk te ontvang, terme en

kondisies in duidelike verstaanbare taal. ✓ Die verbruiker het die reg op eerlike en billike behandeling wat insluit die beskerming teen onetiese gedrag. ✓

Die verbruiker het die reg om produkte te kies wat op hul eie vergelykings van gehalte en prys berus. ✓ Die verbruiker het die reg op eerlike waarde, goeie gehalte en veiligheid wat waarborg van gehalte vir alle transaksies en ooreenkomste insluit. ✓

Die verbruiker het die reg om goedere te inspekteur. ✓ Verbruikers het die reg om goedere binne vyf dae van aankoopdatum terug te gee wat deur direkte bemarking gekoop is. ✓ Die verbruiker het die reg om enige produk met defekte terug te gee aan die verkoper. ✓ (enige 3) (3)

5.1.2 Sy moet bewus wees van die spasie vir die stoof ✓, en hoekom sy 'n stoof nodig het ✓. Sy kan 'n groter stoof met 'n oond koop ✓ omdat sy vir 'n groter inkomste self wil bak. ✓

Indien sy volgens haar behoeftes koop sal sy uiteindelik spaar. ✓ (enige 2) (2)

Sy moet 'n stoof koop wat by haar begroting pas ✓ en waarde vir geld is. ✓

Sy moet nie net na die goedkoopste opsie kyk nie maar pryse vergelyk ✓. Die stoof moet energiebesparend wees en die elektrisiteitsrekening laat daal ✓ en maklik is om te herstel.

✓ Sy moet ook die waarborg vergelyk. ✓ (enige 2) (2)

5.1.3 Elektriese skakeling. ✓ Dit is veiliger om te gebruik as vuurhoutjies en vlamme. ✓ Maklik om die oond skoon te hou. ✓ Makliker om te gebruik as dit maklik is om skoon te maak. ✓

Inprop elektriese oond ✓ handig omdat as sy nie gas het nie, kan sy net die oond inprop.

✓ Multifunksionele oond met gebruikersvriendelike draaiknoppe ✓ is maklik om te gebruik as sy al die funksies verstaan en die knoppe sonder probleme kan gebruik. ✓ 60

minuut alarm tydsteller met lig ✓ dit is handig en maklik om te gebruik, sy kan die alarm stel en die lig en die alarm sal haar waarsku dat die koeke reg is. ✓ Verstelbare voete. ✓ Sy kan die stoof en die oond volgens haar hoogte stel ✓ (enige 6) (6)

5.1.4 Sy kan die stoof huis toe neem ✓ na sy die kontrak geteken het en die deposito betaal het ✓ terwyl met die bērekoopopsie sy eers die stoof klaar moet betaal ✓ voor sy dit huis toe

kan neem. ✓ Afbetalingsverkooptransaksies word gewoonlik gebruik vir duur huishoudelike toerusting en die ekstra koste sal versekering insluit ✓ terwyl bērekoop vir kleiner items gebruik word. ✓ (enige 4) (4)

5.1.5 Maak seker dat daar 'n instruksiebiljet ingesluit is. ✓ Inspekteer die stoof sorgvuldig na aflewering. ✓ Lees die instruksiebiljet deurdagtig en volg die instruksies oor hoe om die stof te gebruik. ✓ Maak seker jy bēre al die kwitansies, waarborg en instruksiebiljet. ✓

Volg die korrekte klagteprosedures indien jy nie tevrede is nie. ✓ (enige 3) (3)

5.2.1 Familie B / Bongani ✓ Hulle het 'n gesamentlike inkomste van R3 400,00, wat minder is as R3 500,00. ✓ Hulle het 'n kind/afhanklike. ✓ Hulle het nog nooit 'n huis besit nie. ✓

5.2.2 Familie A ✓ Mary en John het veilige werke. ✓ Mary en John verdien goeie salarisse, hulle sal verbandafbetalings kan bekostig. ✓ Hulle het 'n goeie wins uit hul woonstel gemaak sodat hulle 'n deposito op hul volgende eiendom kan betaal. ✓

- 5.2.3 Familie C: Apiwe mag binne die volgende 18 maande trek ✓ en huur verskaf meer mobiliteit ✓ Familie D: Shane het nie 'n vaste inkomste nie ✓ en sy vrou studeer nog ✓. Om te huur is goedkoper vir hulle ✓ omdat hulle nie onderhoudskoste hoef te betaal nie ✓. (enige 2) (2)
- 5.3 Die rentekoers was omtrent 7% in Januarie 2006 ✓. Die familie kon die verbandbetalings bekostig omdat die rentekoers dieselfde is as wat dit was toe die verband goedgekeur was. ✓ Die rentekoers het dramaties gestyg sedert die tweede helfte van 2006–2008 ✓. Die rentekoers het 'n piek bereik in 2008 teen 12% ✓. Die rentekoers was 5% meer ✓ as Januarie 2006. Verbandbetalings was baie meer as in 2006 ✓. Dit het groot druk op die familie se begroting geplaas. ✓ Het nie meer geld vir onderhoudskoste nie. ✓ Rentekoerse het in 2009 begin afneem ✓. Daar was dus meer geld in hul begroting vir ander uitgawes. ✓ Die rentekoers was op sy laagste gedurende die laaste deel van 2011 ✓. Dié familie kon nou hul verband met gemak betaal ✓ en kon selfs meer geld in hul verband betaal. ✓ Hulle kon ook nou noodsaaklike onderhoudswerk doen.

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

- 6.1.1 Prying is 'n strategie om die verkoopsprys van 'n produk te bereken. ✓
– Dit neem al die kostes en uitgawes tydens produksie in ag ✓ om die totale kosprys te bereken. ✓
– Die kosprys word verder bereken om toe te laat vir die winsruimte ✓ om oorhoofse kostes en winsgrens te dek. ✓ (4)
- 6.1.2 Promosie is 'n deel van die bemarkingsplan. ✓ wat die mees effektiewe manier identifiseer om met dié teikenmark te kommunikeer ✓ oor die produk en waar hulle dit kan koop. ✓ Dit probeer die kliënt oortuig om die produk te koop. ✓ (4)
- 6.2.1 'n Produkspesifikasie is 'n gedetailleerde analise van hoe die produk lyk, ✓ gehalte, kleur, grootte, styl en gewig ensovoorts. ✓ Deur noukeurig by die produkspesifikasie te hou ✓ sal verseker dat elke produk teen dieselfde gehalte vervaardig word. ✓ Enige afwyking sal die gehalte en voorkoms van die produk verander. ✓ (4)
- 6.2.2 Die personeel besit die vaardighede en kennis om die werk uit te voer. ✓ ✓ Vermorsing en afgekeurde produkte tydens en na vervaardiging word verminder. ✓ ✓ (4) Verminder ongelukke en uitgawes weens verkeerde gebruik van masjinerie. Verhoog winsgewendheid omdat produkte deurgaans die gehaltestandaarde ontmoet.
- 6.3 Die verpakking sou van beter gehalte wees as die oorspronklike. ✓ Dit sou oneties wees om 'n vals indruk te skep dat die produk duurder is. ✓ Verpakking sou nie die gehalte van die produk verhoog het nie. ✓ Die kliënt sou nie terugkeer indien die gehalte swak was nie. ✓ Die werknemer het die prosedures en gehaltestandaarde van die maatskappy gevolg. ✓ (3)

- 6.4 – om die potensiaal van die marksegment wat geteiken moet word te identifiseer. ✓
 – verskaf getuienis om die volhoubaarheid van besigheid te verseker. ✓
 – identifiseer die teikenmark se behoeftes en voorkeure en verseker dat die produkte en dienste hieraan voldoen. ✓
 – identifiseer kompeteerdere en verseker dat die besigheid 'n kompeterende voordeel het. ✓
 – help om 'n goeie bemarkingsplan te ontwikkel deur gebruik te maak van die bemarkingsresepmodel (PPPP) te gebruik. ✓
 – identifiseer die prys wat die teikenmark gewillig sal wees om vir die produk te betaal ✓
 (5)
- 6.5 – Aantreklike verpakking sal die verbruiker aanmoedig om die nuwe produk te probeer ✓ hoewel hulle nie veel daarvan weet nie. ✓
 – Dit dien die doel van 'n stil verkoops persoon ✓ op die selfhelptoonbank waar daar geen verkoops persoon is nie. ✓
 – Omgewingsvriendelike verpakking ✓ sal kliënte se koopbesluite beïnvloed. ✓
 – Goeie verpakking help om die produkte te beskerm ✓ tydens vervoer, en in die pakhuis. ✓
 – Verpakking moet maklik wees om oop te maak, moet waarde toevoeg en herbruikbaar wees. ✓
 (3 × 2)
- 6.6 – Indien al die kostes van die produksieproses nie ingesluit word nie, sal ✓ daar geen wins wees nie ✓
 – 'n Verhoging in die prys van rou materiale en arbeid ✓ sal winsgrense verlaag. ✓
 – Defekte, skade aan goedere en bederwing sal die koste verhoog ✓ en winsmarge verklein. ✓
 – Indien die verkoopprijs van die produk hoër is as dié van kompeteerdere, ✓ sal die produk moeilik verkoop. ✓
 – Indien die verkoopsprys te laag is, sal die produk vinnig verkoop ✓ en voorraad sal gou uithardloop ✓
 (5 × 2)
- 6.7 Versekering ✓, salarisse ✓, huur ✓, verbandafbetalings ✓ (enige 3 × 1)

Totaal Vraag 6: 40